

Sing vooraf staande: Psalm 25:3 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriend'like oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 25:1 (p. 115)

- 1 Tot U hef ek hart en hande; / op U, HEER, verlaat ek my;
laat die vyand oor my skande, / oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat / wat in u vertrou wandel,
maar U dek hul met u smaad / wat hier trouelooslik handel.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 25:5 (p. 116)

- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Skriflesing: Psalm 25

Teks: Psalm 25; Kategismus Sondag 1

Dit gaan hier oor troos.

- Dit gaan oor die heel belangrikste ding in ons daaglikse lewe.
- Die vraag: Wat is jou **enigste troos**? beteken: Wat is vir jou die heel meeste werd in jou lewe?

Dis 'n baie moeilike vraag. Om op so 'n vraag eerlik en reg te kan antwoord, is daar baie dinge wat ons eers goed sal moet verstaan.

- Ons moet byvoorbeeld hier verstaan dat dit glad nie gaan oor wat elkeen van ons as die belangrikste of die grootste troos beskou nie.
- Dit sal 'n saak wees waaroor ons ongetwyfeld sal stry.

Dit gaan hier oor wat God gee as die grootste troos.

- Hier is nie eers sprake van ander dinge wat ons saam met hierdie saak op een lyn kan stel nie.
- Dit gaan nou net oor die grootste waarheid wat die meeste invloed op ons lewens utoefen.

Hierdie troos is dat ons volkome – met liggaam en siel – aan Christus behoort.

- Hy pas ons te alle tye op.
- Hy gee regdeur ons lewe die beste vir ons onder die bepaalde omstandighede.

Maar nou is die vraag of ons beseft wat die volle implikasies is van hierdie belydenis.

- Dis waar dat ons almal op 'n manier bely dat ons wat hierdie saak bely, dikwels ons geloof wil verloor as ons in 'n stryd verkeer!
- Dis asof ons vergeet wat dit werklik beteken om deur Christus verlos te word as ons onder druk kom!

Daarom sê ons belydenis dat daar eers iets anders is wat ons moet weet voordat ons werklik hierdie troos kan begryp en besit. Ek moet eers presies weet wat my toestand is.

- Ek moet eers presies weet hoe groot my sonde en ellende is.
- As ek dit eers beseft, sal ek ook beseft watter magtige daad dit is dat ek deur Christus van al hierdie sonde en ellende verlos is en aan Hom behoort.

Dit is sekerlik vanselfsprekend dat ons dan die regte mate van dankbaarheid aan die Here sal betoon.

- Want dan sal ons die behoefte hê om ons godsdienst so puik moontlik te beoefen,
- omdat ons dan beseft wat van ons sou word as God nie hierdie genade van verlossing aan ons geskenk het nie.

Ons kan dit ook anders sê.

- Daar is net een waarheid oor die toestand waarin ons lewe – dit is dat ons elke dag teen God sondig.
- Dit is dat ons eintlik verdien om eendag in die hel gewerp te word.

Hierdie waarheid moet ons ken. Alle ander beskouinge is leuens.

Daar is ook net één verlossing.

- Dit is om deur die Goddelike krag en soenverdienste van die Here Jesus Christus van hierdie toestand verlos te word.
- Daar is hoegenaamd geen ander uitweg nie. Op geen ander manier kan ons in die hemel kom nie!

So is daar ook slegs een manier waarop mens ware dankbaarheid kan bewys – dis deur God te dank en reg te lewe.

- Woorde alleen sê nie veel nie. Wat saak maak, is hoe jy jou woorde uitlewe.
- Daar is ook nie juis 'n ander manier (behalwe deur die gebed) waarop jy werklik prakties jou dankbaarheid aan God kan bewys nie! Alleen deur pynlik korrek te lewe!

As ons 'n godsdiens wil hê wat die moeite werd is, gemeente van die Here Jesus, dan moet ons die lyne skerp trek.

- Ons moet dan baie duidelik onderskei tussen wat reg en verkeerd is in alle sake van ons lewe.
- Ons moet wys wees met die dinge. Paulus sê dat daar baie dinge is wat hom veroorloof is om te doen, maar dat dit nie nuttig sal wees as hy dit doen nie, en daarom laat hy dit liever maar daar.

In kerksake en geloofsake moet ons net in die Woord van God glo. Ons moet ons eie belangrikheid vergeet.

- Daarom is dit doodnatuurlik dat mense wat by die Here troos soek, alleen staan – en dat hulle dikwels vyande kry in die wêreld.
- Maar dis nie belangrik om voor die voet met alle mense klaar te kom nie. Dis belangriker dat jou verhouding met God reg is.

In jou geloof en in die kerk kan ons nie redeneer oor sake soos óns daarvoor voel nie.

- Dis 'n kwessie van God wat beveel en ons moet luister, want ons verhouding met God is die van sondaars teenoor 'n almagtige God!

As ons dan getroos wil wees, moet ons eers goed luister na wat sonde en ellende is.

- Kom ons begin met die vraag: Wat is ellende?
- Ons sal dadelik almal saamstem dat dit al ons moeite en bekommernis en swaarkry is.
- Ellende is ook as gevolg van die skending van God se gebooië.

Maar tot sover help hierdie antwoord ons nie veel nie.

- Dit help nie dat ons presies kan sê wat die fout is as ons nie kan raaksien dat ons daarin 'n aandeel het nie!
- Ons moet kan raaksien en verstaan dat ons baie sondes het en dat ons ellende daardeur veroorsaak word, anders bly ons volhard in die grondfout van ons lewens.

Ons moet elkeen in ons hart ons lewe toets aan die wet van die Here.

- As ons dan eerlik is met onself, sal ons moet erken dat daar baie dinge verkeerd is.
- Dat ons in baie opsigte so bolangs lewe!

Dalk sal ons dit nie wil glo nie – en ons is ook sekerlik nie almal ewe skuldig nie!

- Maar die hoogmoedige geneigdheid om te veel van onself te dink is maar by almal van ons teenwoordig!
- By party minder en by ander weer meer.

Ons bid byvoorbeeld almal dat ons sondes vergewe moet word. Maar by baie van ons is dit net woorde wat op die lippe bly lê, want diep in die hart glo elke mens maar dat hy goed en wonderlik is.

Dan rym die twee sake mos nie.

Ons Gereformeerdes praat mos baie keer allerhande dogmatiese dinge en dan is ons lief om te sê: *Alle mense het in sonde geval en ons word almal in sonde ontvang en gebore.*

- Maar gaan nou na iemand toe en sê vir hom dat hy sleg en vol sonde is, en jy het dadelik 'n vyand.
- Dis omdat ons dink dat dit net ander mense is wat vol sonde is, maar ons eie ewels kan ons dikwels nie raaksien nie!
- Ons wil nie graag hoor dat ons self sleg en vol sonde en gebreke is nie!

Die dinge bewys maar net dat ons nie altyd die geweldige erns van ons sondes besef nie.

- Juis ons, wat dit nie kan bekostig nie.
- Juis ons besef nie altyd die noodtoestand waarin ons verkeer nie!

Die waarheid is dit: Ons het almal saam met Adam in sonde geval.

- Hierdie feit werk deur in ons elkeen se lewe –
 - Ongemerkt het die mensdom al hoe verder van God af weggedwaal.
 - Totdat die mensdom in die tyd voor die sondvloed goddeloos geword het.
- Na die sondvloed het die sonde weer begin groei.

Nou leer die Bybel dat dit teen die laaste dae so erg sal wees dat God uit genade die dae sal verkort ter wille van die wat glo.

- Die dinge is glad nie so ver as wat ons dink nie, wat ons lewe in hierdie laaste dae waarvan die Bybel vertel dat dit so verskriklik gaan wees.
- Waaraan gaan ons vashou as hierdie ellendes op ons toesak? Wat is ons troos?

Is dit nie dalk waarom ons oor die algemeen so dikwels gespanne raak nie?

- Omdat ons nie die troos van ons lewens raaksien nie, want ons kom nie sover om onself te verootmoedig en te kyk waar ons sondig nie.
- Wie van ons kan met die volle erns en bedoeling sing – en as ons dit sing of bid, dan ook nog daarby besef dat hierdie noodtoestand die gevolg is van ons eie sondes:

*Uit dieptes gans verlore, van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore in wanhoop my vergaan.*

Uit diep van donker nagte roep ek: O, Here, hoor!

en laat my jammerklagte tog opklim in U oor!

(Psalm 130:1 Totius-beryming)

Ons swaarkry is maar net die simptome. Die werklike siekte is my sonde.

Ons moet so groot berou hê hieroor dat elkeen van ons met 'n seer skuldgevoel teenoor God kan bely dat ons soms ontrou is in ons kerkverpligtinge – en dan iets daaraan gaan doen!

- Of: Ek was verkeerd in my optrede teenoor my huweliksmaat en ek gaan vra om verskoning, en sorg dat ek my nie weer misgaan nie.
- Of: My sosiale verhoudinge is op 'n verkeerde grondslag; ek sal van sekere dinge moet afsien en ander moet regmaak!

Dit is die besef van die ellende waarin ek is!

Dit is soos wat Dawid in Psalm 25 sy hart wyd oopgooi:

Aanskou my ellende en my moeite, en vergeef al my sondes. (Psalm 25:8 AFR53)

In sy nood gryp hy terug na die oorsaak van sy ellendes. Want hy bid: Here, vergeef my my sondes, want dan sal my nood verbygaan! Hy bid so persoonlik as wat mens dit maar kan kry:

Dink nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie; dink aan my na u goedertierenheid, om u goedheid ontwil, o HERE! (Psalm 25:7 AFR53)

Kyk hoe bely hy sy sondes teenoor die Here. Hy praat oor sy sondes nie in groot woorde of dogmatiese taal nie. Hy gebruik geen moeilike teologiese woorde nie.

- Nee, hy bid eenvoudig en persoonlik tot God. Hy het baie dinge verkeerd gedoen toe hy jonk was.
- Hy het ook nog ander oortredinge. Hy besef dat die dinge gruwelik vir die Here was.

Daarom het Dawid geweet wat verlossing beteken!

Op die spoor van die Bybel leer Kategismus Sondag 1 ons dat die troos is dat ons weet hoe groot ons sonde en ellende is, omdat dit ons laat besef hoe groot ons nood is deur ons sonde.

- Daarom weet ons wat die werklike vreugde is om deur die Here Jesus Christus van hierdie dinge ontslae te raak.
- Daarom weet ons wat dit is om liggaamlik en geestelik aan die Here Jesus Christus te behoort en van die sonde verlos te wees.

Begryp goed: Hierdie verlossing is nie net 'n verlossing van die ewige verdoemenis eendag na die dood nie.

- Dit beteken nie dat ek my hele lewe lank in ellende moet slyt en eendag na my dood eers verlos word en in die hemel gaan woon nie.
- Dis nie iets vaags net vir die hiernamaals terwyl my daaglikse lewe daarbuite val nie.
- Nee, selfs in hierdie lewe sal daar nie eers 'n haar van my hoof afval sonder dat die Vader dit beskik nie.
- Die vervulling is wanneer ons ook in hierdie tyd na liggaam en siel verlos is.

Al hierdie dinge beteken nou nie dat ons nie swaarkry in die lewe sal hê nie.

- Dit beteken net dat die Here elke keer voorsien wanneer ons bekommernis het.
- Dit beteken ook nie dat ons nie senuweeagtig of gespanne sal word in die lewe nie. Natuurlik bly ons net mense.

Dawid het gekla dat sy bed in die nag swem soos hy worstel. Hy het gehuil soos wat hy gesukkel het om die sonde in sy lewe te oorwin.

- Maar dit is ons troos: Ons sal anderkant uitkom, want ons liggaam en siel behoort aan die Here en Hy sal ons nie laat ondergaan nie!
- Dit is tot ons troos wat die Here gesê het dat Hy die tranes van ons oë sal afdroeg. Ons weet deur alles wat in die lewe oor ons mag kom: Ons is verlos!

Dankbaarheid kom dan mos sommer vanself.

- Bid en hou die wet na die beste van u vermoë.
- Nie om daarmee ons saligheid te verdien nie, maar uit dankbaarheid vir wat die Here Jesus Christus reeds verdien het!
- Dien die Here elke oomblik. Eer die Here Jesus Christus.
- Luister na die stem van God die Heilige Gees, want die enigste troos wat God aan die mense gegee het, is ook u deel!

Kom ons lees saam wat ons belydenis ons leer van troos in die Heidelbergse Kategismus Sondag 1.

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker (i) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).

(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3.

Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).

(a) Matt 11:28-30; Ef 5:8. (b) Joh 9:41; Matt 9:12; Rom 3:10; 1 Joh 1:9; 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12 10:43. (d) Ef 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 25:6, 7 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.
- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 17 Maart 2013